



VOLHOUBAARHEID

Weeg die werklike koste van OMB-belegging op

Dit is van kritieke belang om noukeurig deur die hele lewensiklus van strategieë te kyk wat aanvanklik OMB-vriendelik lyk, maar waar nie alle gevolge deeglik in ag geneem is nie.

Te midde van die huidige fokus op omgewings-, maatskaplike en bestuursbelegging (OMB-belegging), ontvang die volgende kwessies minder aandag en word hulle minder bespreek: misleidende inligting oor die omgewingsimpak van 'n maatskappy se produkte, etiese verantwoordelikheid, 'n fokus op die maatskaplike element van OMB, die verrassend magtige rol van die posbektors en die verskuilde omgewingskoste. Die afkorting OMB word gebruik as sinoniem met volhoubaarheid, die sirkulêre ekonomie en die Verenigde Nasies se verantwoordelike belegging, wat alles gekombineer het om 'n reeds breë beleggingstrategie nog verder uit te brei.

Die disinformasie wat versprei word deur organisasies wat meer OMB-vriendelik wil lyk as wat hulle werklik is, het van misdadige kommunikasieveldtogte verander in die betreklik voor die hand liggende proses om die term OMB te benut vir eenvoudige ekonomiese winste. Maar beleggers moet dieper in die kwessie kyk om seker te maak dat die boodskappe wat maatskappye kommunikeer wel ooreenstem met transformerende ware gevolge. Impakbelegging is die jongste voorbeeld hiervan.

Dit is die verantwoordelikheid van ondernemings en maatskappye wat voordeel trek uit die gebruik van OMB-vriendelike kapitaal om op 'n etiese, transformerende manier op te tree. Terselfdertyd het die verskaffers van daardie kapitaal ook verpligtinge, naamlik etiese verantwoordelikhede. **As beleggers werklik 'n planeet wil hê wat deur OMB-belegging omskep is, moet die beleggers ook self deel van dié koste dra, hetsy deur hoër belastings, 'n indirekte vorm van OMB-kapitaaltoewysing of (en dit is die manier wat waarskynlik die minste op die belegger gerig is) deur middel van hoër risiko of hoër bestuurskoste.**

Met hoër risiko sal baie van hierdie projekte waarskynlik langer tydhorisonne hê, wat beteken dat daar 'n groter kans sal wees dat dinge verkeerd kan loop. Hoër bestuurskoste sal dikwels die gevolg van 'n groter analitiese of navorsingslas wees.

Beleggers probeer gewoonlik al drie hierdie gevolge te vermy wanneer hulle tradisionele beleggings aangaan. Hulle sal egter die etiese verantwoordelikheid van hierdie laste moet erken as hulle OMB voller en gouer wil aanvaar.

Nadat die maatskaplike element van OMB taamlik rigtingloos was, word dit duideliker. Voorbeelde

van onlangse maatskaplike mislukkinge sluit in die Facebook-Cambridge Analytica-skandaal en die soms onbillike leningspraktyke van banke aan kliënte met lae inkomste of wat banke min gebruik.

Die verrassend kragtige rol van posbektors is 'n onverwagte verskynsel wat ons hoop om meer van te sien. Dit is maklik om meegesleur te word deur die Teslas van die wêreld en ontugter te wees met die VW's van die wêreld, veral omdat laasgenoemde in 'n swak lig gestel is wat bestuur betref deur Dieselgate. VW sal egter heel waarskynlik so gou as 2023 die wêreld se grootste produsent van elektriese voertuie wees en sal die inkomste- en balansstaat hê om veranderinge uit te voer op 'n skaal wat nog nie vir Tesla moontlik is nie.

BP het op 'n soortgelyke manier op die omgewingsfront met die Deepwater Horizon-oliestorting misluk, maar die maatskappy het die midde en die navorsings- en ontwikkelingsvermoë om die wêreld tot alternatiewe koolstofneutrale of selfs koolstof-negatiewe energiebronne te lei.

Dit kan ook waar wees dat die vinnige ontwikkeling en gevolglike veroudering van battery- en sonkragtegnologie tot 'n veel groter omgewingskrisis sal lei as wat tans vermoed word. Dit is van kritieke belang om na die hele lewensiklus van strategieë te kyk wat aanvanklik OMB-vriendelik lyk, maar waar nie alle gevolge in ag geneem is nie. 'n Ou beleggingsbenadering kan weer mode word: herwinning en die ontginning van veral seldsame aardminerale van produkte wat weggegooi is. Die herwinningsproses moet egter ook deeglik oorweeg word en eties gedoen word. Dit is moontlik dat goed bedoelde herwinningsprogramme gebruik maak van uitbuitende arbeidspraktyke, wat 'n omgewingskwessie oplos, maar ten koste van die samelewing is.

Hoewel sy bedoelings goed is, is OMB-belegging 'n opkomende markdissipline. Hy sal waarskynlik die hoër risiko's en koste waarvoor hy tans te staan kom, oorkom, maar sal daarna dieper moet kyk na die primêre en sekondêre kwessies, eerder as om slegs te vertrou op die sterk voordeel wat hy tans geniet. As hy dit kan doen, sal die wêreld en sy inwoners geweldig daarby baat vind.

Vir beleggers wat OMB-beleggings oorweeg, word goeie onafhanklike finansiële raad aanbeveel. ■ terugvoer@finweek.co.za

Paul Marais is die besturende direkteur van NFB Asset Management. **Mosa Manqindi** is 'n navorsingsontleider by NFB Asset Management.



Die vinnige ontwikkeling en gevolglike veroudering van battery- en sonkragtegnologie kan tot 'n veel groter omgewingskrisis lei as wat tans vermoed word.